NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP WOENSDAG, 3 DESEMBER 2014 OM 15:00

- ADMINISTRASIE EN FINANSIES -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl M van Zyl [Administrasie]
Voorsitter, rdl M Rangasamy [Finansies]
Ondervoorsitter, rdh N J A Rust

Abrahams, M Z
Cleophas, J H
Cloete, C M
Cox-Bruintjies, Y S
Geel, B W
Goliath, M S I
Rangasamy, M
Stemele, O M
Traut, L

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (in ex officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Rdl B W Geel open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle F S Humphreys en A C Sedeman.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ADMINISTRASIE EN FINANSIES) GEHOU 5 NOVEMBER 2014

BESLUIT
(op voorstel van rdl B W Geel, gesekondeer deur rdl M Z Abrahams)

Dat die notule van 'n Portefeuljekomiteevergadering (Administrasie en Finansies) gehou op 5 November 2014 as korrek bekragtig word.

3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

3.1 SKRYWES VAN DANK EN WAARDERING AAN MUNISIPALITEIT SWARTLAND

BESLUIT

(a) Dat daar met dank kennis geneem word van die skrywes soos met die sakelys gesirkuleer;

3.1/...

(b) Dat, op versoek van die voorsitter, die Direkteur: Korporatiewe Dienste die Raad se gelukwensing oordra aan me S de Jongh met haar verkiesing as Onderpresident van die Instituut van Munisipale Personeelpraktisyns van Suider-Afrika (IMPSA), wat 'n aanduiding is van die bekwaamheid van Swartland Munisipaliteit se personeel.

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 MAANDVERSLAE: OKTOBER 2014

5.1.1 MUNISIPALE BESTUURDER (7/1/2/2-7)
5.1.2 KORPORATIEWE DIENSTE (7/1/2/2-1)
5.1.3 FINANSIËLE DIENSTE (7/1/2/2-2)(5/7/1/1)

Rdl C M Cloete verwys na verskeie kapitaalprojekte uit die SDBIP om uitklaring te kry aangaande vordering met die projekte, en verneem na die redes waarom die Thusong Sentrum in Wesbank aangeskuif word na die 2015/2016 finansiële jaar.

Die Munisipale Bestuurder verduidelik die integrering van die onderstaande drie projekte in 'n poging om nie fasiliteite te dupliseer nie en om die bedryfskoste so laag as moontlik vir die Munisipaliteit te hou.

Die projekte ter sprake en die bron van finansiering is as volg:

(1) Wesbank Thusong Sentrum (befondsing vanaf Departement: Menslike Nedersetting);
(2) Binneshuise Sportsentrum (befondsing vanaf buiteland/Europa);
(3) "Box Park Office"/container-ontwikkeling (befondsing vanaf die provinsiale Departement van Ekonomiese Sake). Lg departement het Swartland Munisipaliteit as 'n loodsprojek geïdentifiseer om hierdie inisiatief van die grond af te kry.

Dit is verder belangrik om in gedagte te hou dat hierdie inisiatiewe 'n integrale deel vorm van die RSEP-projek wat grotendeels deur Provinsie befonds word.

Rdl C Cloete, met verwysing na die verslag van die Direktoraat Korporatiewe Dienste, verneem na die redes vir die afskaffing van die pos van Algemene Assistent/Skoonmaker in Darling. Die Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche noem dat, juis omdat daar nie 'n voltydse behoefte is nie, daar alternatiewe reëlings getref kon word om een amptenaar aan te wend om Yzerfontein, sowel as Darling se munisipale kantore skoon te maak.

Rdl M Rangasamy, as voorsitter van die Finansieskomitee, gaan voort om die maandverslag van die Direktoraat Finansiële Dienste te behandel.

BESLUIT
(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van onderskeidelik die Munisipale Bestuurder, Direktoraat Korporatiewe Dienste en die Direktoraat Finansiële Dienste vir die tydperk Oktober 2014, sowel as van die vordering met die SDBIP.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

(GET) M VAN ZYL
VOORSITTER: ADMINISTRASIE

(GET) M RANGASAMY
VOORSITTER: FINANSIES

- SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl R F van der Westhuizen
Ondervoorsitter, rdl O M Stemele

Abrahams, M Z	Rust, N J A
Cleophas, J H	Stanley, B J
Fortuin, C	Van Zyl, M
Goliath, M S I	Wilskut, W
Papers, C H	Zatu, N S

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (in ex officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die vergadering neem om 15:25 ‘n aanvang.

Die komitee is voltallig.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN ‘N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (SIVIELE- EN ELEKTRIESE DIENSTE) GEHOU 5 NOVEMBER 2014

BESLUIT
(op voorstel van rdh N J A Rust, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat die notule van ‘n Portefeuljekomiteevergadering (Siviele- en Elektriese Dienste) gehou op 5 November 2014 as korrek bekragtig word.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 MAANDVERSLAE: OKTOBER 2014

5.1.1 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-4)
5.1.2 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-6)

Die voorsitter versoek die betrokke direkteure om die maandverslae te behandel.

Op navraag/...

5.1/...

Op navraag van rdl N S Zatu aangaande gereelde wateronderbrekings in Phola Park, onderneem die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste om ingevolge die insidenteprogram die aantal insidente te monitor om die omvang vas te stel vir verdere optrede indien nodig.

Rdl J I van der Merwe, met verwysing na die drastiese styging in die waterverbruik in Chatsworth, spreek sy bekommernis uit dat Chatsworth moontlik sonder water sal wees. Rdl van der Merwe noem verder dat daar ontevredenheid onder die gemeenskap heers oor die gebruik van drinkwater deur Goedgegund vir diere en groentetuine.

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha verseker die Raad dat voldoende meganismes in plek is, en dat die waterstelsel oor voldoende kapasiteit beskik om deurlopende watervoorsiening aan Chatsworth te verseker.

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste behandel die maandverslag en lig die komitee toe aangaande die verhoogde aanvraag as gevolg van die inbedryfstelling van die uitgebreide SASKO-aanleg.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M S van Zyl, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

(a) Dat kennis geneem word van die maandverslag van onderskeidelik die Direktoraat Siviele Ingenieursdienste en die Direktoraat Elektriese Ingenieursdienste vir die tydperk Oktober 2014;

AANBEVEEL VERDER

(b) Dat verder kennis geneem word van die NERSA riglyne ten opsigte van die verhoging van elektrisiteitstariewe soos meegedeel deur die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste , naamlik:
   (i) vir direkte verbruikers van Eskom met ingang van 1 April 2015 = 12,69%
   (ii) vir munisipaliteite tov aankoopkostes vanaf Eskom met ingang van 1 Julie 2015 = 14,24%
   (iii) vir munisipaliteite tov nominale tariefverhoging aan belastingbetalers = 12,2%.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

(GET) R F VAN DER WESTHUIZEN
VOORSITTER

- ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl M van Zyl [Beskermingsdienste]
Voorsitter, rdl W Wilskut [Ontwikkelingsdienste]

Geel, B W
Goliath, M S I
Papers, C H
Philander, D B
Rangasamy, M
Stanley, B J
Traut, L
Van der Merwe, J I
Van der Westhuizen, R F

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (in ex officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die vergadering neem om 15:45 ‘n aanvang.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle A M Sneewe en A C Sedeman.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN ‘N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ONTWIKKELINGS- EN BESKERMINGSDIENSTE) GEHOU 5 NOVEMBER 2014

BESLUIT
(op voorstel van rdl B W Geel, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

Dat die notule van ‘n Portefeuljekomiteevergadering (Ontwikkeling- en Beskermingsdienste) gehou op 5 November 2014 as korrek bekragtig word.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE MBT BESKERMINGSDIENSTE

5.1 MAANDVERSLAG: OKTOBER 2014

5.1.1 BESKERMINGSDIENSTE (7/1/2/2-3)
5.1.2 VERKEER & WETSTOEPASSINGSDIENS (7/1/2/2-3)
5.1.3 BRANDBESTRYDING (7/1/2/2-3)

Die Direkteur: Beskermingsdienste noem dat die publiek geleentheid het om vanaf 8 tot 12 Desember 2014 hul motorvoertuig deur ‘n gratis padwaardigheidstoets te sit. Hierdie inisiatief dien as die Raad se bydrae om die veiligheid van motoriste gedurende die feesseisoen te verseker.

5.1/...

BESLUIT
(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Beskermingsdienste vir die tydperk Oktober 2014.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

7. GEDELEGEERDE SAKE MBT ONTWIKKELINGSDIENSTE

7.1 MAANDVERSLAG: OKTOBER 2014

7.1.1 ONTWIKKELINGSDIENSTE

BESLUIT
(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Ontwikkelingsdienste vir die tydperk Oktober 2014.

8. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

8.1 VOORGESTELDE HERSONERING VAN ERF 1764, MALMESBURY (15/3/3-8) (WYK 7)

'n Aansoek is ontvang vanaf die eienaar, mnr C L de Wet Lambrechts vir die hersonering van erf 1764 (groot 2449m²), geleë op die h/v Coligny- en Rozenburgstraat, Malmesbury vanaf enkelresidensiële sone 1 na algemene residensiële sone 3 ten einde drie woonstelblokke met ses eenhede elk op te rig.

AANBEVEEL
(op voorstel van rdl M S van Zyl, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

Dat die aansoek vir die hersonering van erf 1764 (groot 2449m²) geleë te h/v Coligny- en Rozenburgstraat, Malmesbury vanaf enkelresidensiële sone 1 na algemene residensiële sone 3 ten einde woonstelle op te rig ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

(a) dat drie woonstelblokke van ses eenhede per blok (18 eenhede in totaal) opgerig word soos voorgehou in hierdie aansoek;
(b) dat die nodige bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;
(c) dat minstens 29 op-perseel parkeerplekke met 'n permanente stofvrye oppervlakte hetsy teer, beton of plaveisel of 'n materiaal vooraf goedgekeur deur Swartland Munisipaliteit voorsien word en dat die parkeerplekke duidelik gemerk word;
(d) dat die ingangshek sodanig geplaas word dat dit nie verkeer in Rozenburgstraat belemmer nie;
(e) dat die eienaar/ontwikkelaar by die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir die nodige slopingspermit aansoek doen;
(f) dat geen bouwerke 'n aanvang mag neem, alvorens die betrokke bouplanne deur die Direkteur: Ontwikkelingsdienste goedgekeur is nie;

A2 WATER

(a) dat die waternetwerk uitgebrei word soos aanbeveel in die verslag van GLS Raadgewende Ingenieurs van 14 September 2011. Hiervoor moet die ontwikkelaar 'n ingenieur toepaslik geregistreer ingevolge die bepalings van Wet 46 van 2000 aanstel;

8.1/(A2)/...

(b) dat die ingenieur die uitbreiding van die waternetwerk ontwerp en die ontwerp moet aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste vir goedkeuring voorgelê word;

(c) dat die uitbreiding van die waternetwerk onder toesig van die ingenieur gedoen moet word;

A3 RIOOL

(a) dat 'n rioolaansluiting ooreenkomstig die aanbeveling van GLS Raadgewende Ingenieurs gemaak word vir die koste van die eienaar/ontwikkelaar;

A4 STRATE EN STORMWATER

(a) dat alle stormwater vanaf die ontwikkeling ondergronds tot die naaste geskikte munisipale versamelpunt gevoer word;

(b) dat voorsiening gemaak word dat stormwaterafloop vanaf die ontwikkeling nie bestaande stelsels sal oorlaai nie;

(c) dat die ontwikkelaar die voorgestelde ontwikkeling van 'n ondergrondse stelsel wat vloedgroottes tot en met die 1:5 jaar vloed kan akkommodeer voorsien;

(d) dat die ontwikkelaar die voorgestelde ontwikkeling van bogrondse ontsnaproetes wat vloedgroottes tot en met die 1:50 jaar vloed kan akkommodeer voorsien;

A5 VULLISVERWYDERING

(a) dat die basiese vullisverwyderingstarief vir elke wooneenheid gehef word;

(b) dat 'n geboude vullisarea met skoon lopende water en 'n vuilwater afvoerput wat gekoppel is aan die rioolstelsel, voorsien moet word;

(c) dat die vullisarea maklik toeganklik moet wees vir vullisverwyderingswerkers en 'n 30ton vullisvragmotor, maar ontoeganklik vir ongewenste diere en elemente;

(d) dat die geboude vullisarea met die estetika van die totale ontwikkeling versoenbaar is;

A6 ELEKTRISITEIT

(a) dat die elektrisiteitaansluiting aan bestaande mediumspanning netwerk gekoppel sal word en dat vooraf goedgekeurde ontwerp, die konstruksie en toesig onderleiding van 'n raadgewende ingenieur sal geskied;

(b) dat elke woonstel voorsien word met 'n split voorafbetaal tipe energie meter sowel as 'n geiser lasbeheer relê. Hierdie toestelle sal ooreenkomstig die voorskriftelike uiteensetting wat verkrygbaar is vanaf die Direkteur: Elektriese Dienste installeer word;

(c) dat enige bestaande aansluiting aan die perseel in geheel geïsoleer en verwyder word;

(d) dat die ontwikkelaar verantwoordelik is vir die opgradering van die toevoer na erf 1764, asook pro rata transformator bydrae. Daar is maksimum 100kVA (150A drie fase) beskikbaar op die bestaande laagspanning netwerk, indien die ontwikkelaar meer kapasiteit as dit benodig sal die bestaande netwerk versterk moet word en die ontwikkelaar is verantwoordelik vir die direkte kostes;

A7 KAPITAALBYDRAE

(a) dat die eienaar/ontwikkelaar kennis neem van die kapitaalbydrae vir streek grootmaat watervoorsiening ten bedrae van R10 795.80 per nuutgeskepte eenheid, totaal van R 83 430.90 (BTW ingesluit). Hierdie bedrag is betaalbaar op bouplan stadium teen posnommer 50-80-75-72-7990 en is geldig vir die finansiële jaar 2014/2015 en kan hierna hersien word;

(b) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. grootmaat waterdienste ten bedrae van R7 277.00 per nuutgeskepte eenheid ('n totaal van R 123 709.00) gemaak word aan hierdie munisipaliteit op bouplan stadium. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 77-92-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2014/2015 en kan hierna hersien word;

8.1/(A7(b)/...

(Die opgradering van die waternetwerk is verhaalbaar vanaf die vaste kapitaalbydrae ten opsigte van grootmaat pypgeleidings wat bereken is op R64 192.00. Die vaste kapitaalbydrae ten opsigte van reservoir kapasiteit voorsiening wat gemaak moet word, is bereken op R59 517.00.);

(c) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. grootmaat riooldienste ten bedrae van R3 600.00 per nuutgeskepte eenheid ('n totaal van R61 200.00) gemaak word aan hierdie munisipaliteit op bouplan stadium. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 59-76-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2014/2015 en kan hierna hersien word;

(d) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. strate en stormwater ten bedrae van R5 363.00 per nuutgeskepte eenheid ('n totaal van R91 171.00) gemaak word aan hierdie munisipaliteit op bouplan stadium. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 71-82-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2014/2015 en kan hierna hersien word;

(e) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. grootmaat elektriesedienste ten bedrae van R4 321.00 per nuutgeskepte eenheid ('n totaal van R73 457.00) gemaak word aan hierdie munisipaliteit op bouplan stadium. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 83-34-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2014/2015 en kan hierna hersien word;

(f) dat ingevolge die Raadsbesluit gedateer Mei 2014 daar 'n 50% korting is op die kapitaalbydraes van toepassing op Swartland Munisipaliteit. Hierdie korting is geldig vir die finansiële jaar van 2014/2015 en kan hierna hersien word;

A8 VERKEER

(a) dat die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste opdrag gegee word om 'n berekening te maak van die werklike kapitaalbydrae verbonde aan die opgradering van verkeersligte op die h/v Voortrekker- en Bokomoweg ten einde die eienaar/ontwikkelaar se bydrae te bepaal;

(b) dat die relevante pro-rata kapitaalbydrae op bouplan stadium deur die eienaar/ontwikkelaar betaalbaar is;

A9 LANDSKAPERING

(a) Dat die eienaar/ontwikkelaar 'n landskaperingsplan vir die totale ontwikkeling asook die sypaadjie aan hierdie munisipaliteit vir oorweging voorlê;

A10 ALGEMEEN

(a) dat indien dit nodig sou wees om bestaande dienste op te gradeer ten einde die ontwikkeling van diensaansluitings te kan voorsien sal dit vir die koste van die eienaar/ontwikkelaar wees;

(b) dat die ontwikkelaar 'n raadgewende siviele ingenieur, professioneel geregistreer in terme van Wet 46 van 2000, vir die ontwerp van siviele dienste aanstel;

(c) dat die ontwerp aan die Departement: Siviele Ingenieursdienste vir goedkeuring voorgelê word, alvorens konstruksie begin;

(d) dat die konstruksiewerk deur 'n privaat kontrakteur behartig word;

(e) dat die dienste aangebring word onder die toesig van die raadgewende ingenieur;

(f) dat die ingenieur die werk sertifiseer alvorens uitklaring oorweeg sal word;

(g) dat daar met die Departement: Siviele Ingenieursdienste aangaande die standaard van siviele dienste verlang geskakel word;

B: <u>Redes vir goedkeuring van aansoek:</u>

(a) Die voorgestelde aansoek is versoenbaar met die ruimtelike plan van toepassing op Malmesbury;

(b) Die voorgestelde aansoek voldoen aan provinsiale en plaaslike inisiatiewe rakende die beter benutting van grond en infrastruktuur;

(c) Die voorgestelde ontwikkeling voldoen aan die parameters van die nuwe sonering;

(d) Verskeie soortgelyke ontwikkelings is reeds voorheen gunstig oorweeg.

8.2 VOORGESTELDE OPHEFFING VAN BEPERKING ASOOK VOORGESTELDE AFWYKING EN WYSIGING VAN DIE RUIMTELIKE ONTWIKKELINGS-RAAMWERK: ERF 1066, DARLING (15/3/4-3) (WYK 5)

'n Aansoek om opheffing van beperking is ontvang namens die eienaar, mnr M H Muhamud ten einde 'n huiswinkel op 'n gedeelte van erf 1066, Darling te bedryf.

Daar word ook aansoek gedoen vir 'n afwyking van erf 1066 (groot ±33m²), Darling ten einde voormelde bedryf te kan wettig.

Aansoek word ook gedoen vir die wysiging van die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk van Swartland Munisipaliteit, ten einde die noorderlike gedeelte van Durbanstraat ook as aktiwiteitstraat te klassifiseer.

Die Uitvoerende Burgemeester noem dat die item voor die wykskomitee van Wyk 5 gedien het, en dat daar nie akkoord gegaan is met die aanbeveling nie.

AANBEVELING
(op voorstel van rdl M Rangasamy)

Dat die item na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee terugverwys word.

(GET) M VAN ZYL
VOORSITTER: BESKERMINGSDIENSTE

(GET) W WILSKUT
VOORSITTER: ONTWIKKELINGSDIENSTE